

ALGEMENE KURATORIUM BYLAAG 2

RAAMWERK VIR MISSIONALE BEDIENINGSONTWIKKELING IN DIE NG KERK

ONTWIKKELENDE WERKSDOKUMENT MET DIE OOG OP DIE BOU VAN KONSENSUS EN FINALE GOEDKEURING DEUR DIE ALGEMENE KURATORIUM 6-7 MAART 2018

ALGEMENE KURATORIUM WERKSGROEP:

KOBUS MYBURGH, MARIUS NEL, GUILLAUME SMIT, WILLIE VAN DER MERWE, PIETER VAN DER WALT, JAN WOEST, FREDERICK MARAIS (S)

1. AGTERGROND. DIE PAD TOT HIER:

In 1998 het die Algemene Sinode 'n verslag ontvang oor die verbreding van die ampte. Die Sinode het opdrag gegee aan 'n aantal kommissies om voorstelle te maak oor kerkordelike- en bedieningsaanpassings. Hierdie ampsverbreding is nou reeds vir byna 20 jaar in gesprek en kon eers momentum kry toe daar 'n ekklesiologiese verbreding gebeur het in 2013 met die aanvaarding van die Raamwerk vir Missionale Ekklesiologie.

In 2012 het die Algemene Kuratorium 'n versoek ontvang om jeugwerkers te legitimeer en dus breër te dink oor die predikantsamp. Hierop het die sg. Waarderende Onderzoek Werkswinkel gevolg, waar die vier-bane beleid gekonseptualiseer is. 'n Taakspan het ook ondersoek gedoen na ons ampsbeskouing.

In 2013 het die Algemene Sinode die Raamwerk vir Missionale Ekklesiologie aanvaar. By dieselfde vergadering is 'n verslag van die Algemene Kuratorium oor Missionale Teologiese Opleiding goed ontvang en voorstelle t.o.v. die sg. "vierbaan" raamwerk is goedgekeur met opdrag aan die Algemene Kuratorium vir implementering.

In die raamwerkdokument oor die missionale aard en roeping van die kerk word leierskap as volg beskryf: "*Leierskapsopleiding vir missionale kerke beklemtoon innovasie. Dit is opleiding wat kreatiwiteit en verbeeldingskrag aanmoedig en ondersteun. Dit het ook te doene met die krag van metafore en narratiewe en die vermoë om oop, skeppende vrae te vra.*" (Niemandt, N & Meiring, P. 2013. Raamwerkdokument oor die missionale aard en roeping van die NG Kerk. [Aanlyn] Beskikbaar: <http://ngkerk.org.za/raamwerkdokument-missionale-aard-en-roeping-van-die-kerk> (25 Oktober 2017))

Die nuwe beleid vir Teologiese opleiding vra 'n verbreding na vier bane van opleiding wat artikulasie moontlik maak. Verdere ondersoek het aan die lig gebring dat die kerkorde voorsiening maak vir 'n vyfde kategorie, naamlik Leraars met spesifieke bevoegdheid (Bv. leraars met gehoorgestremdheid en leraars vir die "Boesman"-bediening. Hierdie kategorie word in die dokument bygevoeg om die raamwerk volledig te maak).

1. Opleiding van ouderlinge (later ook diakens) met bevoegdheid
2. Leraars met Spesifieke Bevoegdheid (bv leraars wat doof is en leraars vir Inheemse bedieninge)
3. Opleiding van kerklike werkers (later Hulpleraars of Diensleraars)
4. Deeltydse opleiding van leraars (tweedeloopbaan studente)
5. Voltydse opleiding van leraars

Die Algemene Kuratorium het in 2016 begin werk aan die implementering van die 2013-beleid, nadat die 2015 Algemene Sinode gevra het dat die Profiel van die Afgestudeerde Student verwerk word in terme van missionale kapasiteite. 'n Memorandum is gesirkuleer aan al die Kuratoria vir kommentaar. Die ASM het daarna hierdie memorandum met instemming ontvang.

In Maart 2017 het die Algemene Kuratorium 'n eerste voorstel bespreek vir die ontwikkeling van 'n opleidingsplan vir die deeltydse baan. Op hierdie vergadering het dit geblyk dat 'n meer omvattende plan nodig is waarin die keuring, opleiding en bevoegdheids-reëlings van al die bane in samehang met mekaar ontwikkel word. 'n Taakspan, bestaande uit verteenwoordigers van al vier die Kuratoria en ook

al vier die opleidingsinstellings, is aangewys om hierdie plan te ontwikkel. Die taakspan het in Augustus 2017 'n werkwinkel gehou en besluit om 'n nuwe benadering te volg. Die nuwe benadering neem die goedgekeurde Profiel van die Afgestudeerde Student as vertrekpunt en nie bestaande kurrikula nie. In ooreenstemming met die opdrag van die 2015 Algemene Sinode, is die Profiel van die Afgestudeerde Student (AKTO (Algemene Kommissie vir Teologiese Opleiding) het 'n profiel van 'n afgestudeerde student saamgestel waarin die behoeftes van die NG Kerk in die opleiding verwoord word) vertaal in terme van missionale uitkomst en die nodige kapasiteite om hierdie uitkomst te bereik. 'n Opvolg werkwinkel het in Oktober 2017 die uitkomst en kapasiteite verfyn en gefinaliseer.

Hierdie dokument, 'n *Raamwerk vir Missionale Bedieningsontwikkeling*, is dus die resultaat van nadenke oor die afgelope 20 jaar!

Dit is duidelik dat die missionale ekklesiologiese skuif in die NG Kerk onlosmaaklik saamhang met ons ampsverstaan en ampsherstel. 'n Missionale ekklesiologie veronderstel 'n skuif weg van die professionalisering van die amp, na 'n klem op gemeenskapstigtende bediening oor grense. Dit sluit ook die vermoë in om spanne te lei, 'n roepingsverstaan in die gemeente te vestig, dissipelskap te bevorder en vennootskappe oor grense te skep.

Die missionale skuif vra ook vir vernuwing in denke oor die bedieningsontwikkeling van geroepenes. Dit vra 'n ander pedagogie as bloot die kognitiewe, teoretiese vorming waaraan ons gewoon geraak het. Kennis, maar ook houdings, vaardighede en gewoontes moet deur die opleiding gevorm word. Dit vra met ander woorde vir 'n formatiewe pedagogie wat intensioneel bou aan kapasiteit. Dit is om dié rede dat hierdie dokument die term "ontwikkeling" eerder as "opleiding" gebruik. Ontwikkeling word verstaan as 'n meer holistiese aanpak teenoor opleiding wat tradisioneel verstaan word as meer teoreties van aard.

Teologiese opleiding het reeds begin skuif vanaf 'n residensiële model na 'n model waar kapasiteite nadenkend in die praktyk ontwikkel word, of 'n gemengde leermodel. Die ruimtes waar laasgenoemde ingeoefen en geïntegreer word, is byvoorbeeld die seminariums of kerk-eie opleiding, ringe, gemeentes, mentoraat en VBO.

1. VERSKUIWENDE KONTEKS EN EKONOMIESE WERKLIKHEDE:

Die eskalerende koste van voltydse, residensiële studie verhoed talle geroepenes om aan te meld vir opleiding. Terselfdertyd kan 'n groeiende groep gemeentes nie voltydse leraars volgens die tradisionele bedieningsmodel bekostig nie. Hierdie realiteite, tesame met die kontekstuele fokus van ons missionale roeping, maak dit dringend noodsaaklik om aandag te gee aan opleidingsmodelle wat kontekstueel relevant en bekostigbaar vir die kerk is. (Sien Algemene Kuratorium Verslag 2015)

Om bg. te kan bereik, stel die Raamwerk vir Missionale Bedieningsontwikkeling drie skuiwe voor:


1. 'n **Verbreiding** van die ampte met die oog op die versterking van bediening in 'n groeiende diversiteit van kontekste. Die raamwerk behou die struktuur van die gereformeerde ampsbeskouing, nl. leraar (Ons is bewus daarvan dat die kerkorde die term *predikant* gebruik. Ons verkies egter om leraar as 'n wisselterm vir predikant te gebruik), ouderling en diaken. Die voorstelle voorsien wel 'n verbreding van die leraars-, sowel as die verbreding van die ouderlinge- en diakens-ampste.
2. Moontlikhede vir meer **bekostigbare** opleiding en bedieningsontwikkeling en meer bekostigbare personeel word voorsien.
3. Die bemaatiging van **ringe en sinodes** om agente te wees wat bedieningsontwikkeling ontwerp vir hulle kontekste.

Die raamwerk maak voorsiening daarvoor dat bedieningskapasiteit ontwikkel word vir gemeentes. Dit sluit die volgende in

1. **Gemeenteleraars:** gelegitimeerde leraars wat in gemeentes georden is met die volle opdrag van gemeentebediening en gemeenteleraarskap (ooreenkomstig KO Regl 11 en 13).
2. **Standplaasleraars:** leraars wat opleiding ontvang vir 'n spesifieke missionale konteks en gelegitimeer is om daardie spesifieke konteks te kan bedien. Hierdie leraars is nie beroepbaar vir ander kontekste nie (bv. leraars vir die dowe- of Boesmanbediening).
3. **Tentmakerleraars:** gelegitimeerde leraars in 'n deeltydse pos vir 'n onbepaalde termyn (ooreenkomstig KO Regl 14).
4. **Diensleraars:** gelegitimeerde leraars met 'n spesifieke opdrag ooreenkomstig die terrein van opleiding. Terreine soos Jeug en Familie, kerkplanters en gemeenskapswerkers. Diensleraars is soos gemeenteleraars beroepbaar in die verband. Die Algemene Sinode besluit hieroor in 2019.
5. **Bedienaars:** ouderlinge en diakens wat goedgekeurde bedieningsopleiding ontvang in 'n spesifieke area van bediening. Bedienaars word deur die ring bevestig en deur gemeenteleraars gementor (ooreenkomstig KO Art 4,10 en 16.1).

Die bedoeling is dat die onderskeie leerplanne belynd word met die raamwerk van missionale kapasiteite, soos uiteengesit in hierdie dokument.

Ons opdrag is nie op die terrein van lidmaatbemaatiging en gemeentebediening nie, maar hierdie dokument behoort ook gebruik te kan word vir die ontwikkeling van programme vir lidmaatbemaatiging en 'n missionale verbeelding vir gemeentebediening.



3. VYF TEOLOGIESE UITGANGSPUNTE

3.1 GOD ROEP MENSE PERSOONLIK TOT DIENS

In die gereformeerde tradisie word alle gelowiges geroep tot 'n amp (Die volgende nota van Dr A Celliers, Voorsitter Sinodale Taakspan Regte en lid van die Kuratorium van die Vrystaat Sinode, is relevant tot ons gesprek: In die verslag word deurgaans van "amp" of "ampte" gepraat soos ons dit in ons tradisie ken. In die Dordtse Kerkorde van 1619 word van "dienste" gepraat. Predikante word ook as "dienaars" beskryf, saam met ouderlinge en diakens. In die NGB word predikant ook "dienaars of herders" genoem. Die beskrywing "(besondere) bediening", "diens" of "dienaar" pas beter binne 'n missionale ekklesiologie, as die beskrywing "amp". Hierdie ontwikkeling binne ons ekklesiologie skep die ideale geleentheid om weg te doen met die statusvolle "amp". Wat betref die roeping van alle gelowiges sou die "priesterskap van die gelowige" of die "diens/bediening van gelowige" beter alternatiewe wees). Gelowiges word geroep tot die bediening om vrede, geregtigheid en versoening te bring in gemeenskappe. Die besondere ampte het die taak om die gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk (KO Art 4). Die Algemene Sinode 2013 het besluit om binne hierdie ampsbeskouing die besondere ampte te verbreed en het gevra vir verskillende opleidingsmoontlikhede om dit vir meer geroepenes moontlik te maak om toegerus te word vir die bediening.

3.2 GOD SLUIT ONS IN BY DIE KONINKRYKSPLAN

Die profiel en identiteit van geroepenes wat hul opleiding deurloop het, is belynd met die aard, roeping en identiteit van die kerk, soos verwoord in Artikel 2 van die Kerkorde en die Raamwerk vir Missionale Ekklesiologie (Algemene Sinode 2013). Die vereistes wat aan die opgeleides gestel word, en die verwagtinge wat van hulle gekoester word, hang daarby ten nouste saam met die konteks waarin die kerk haar bevind en waarheen sy op pad is. Die akademiese kwalifikasieraamwerk staan in diens van die profiel, wat belynd is met die missionale kultuur en behoeftes van die kerk.

3.3 GOD GEE EN ONTWIKKEL GAWES

Die raamwerk beskryf die minimum vereistes vir die aanvanklike opleiding en ontwikkeling, en die veronderstelling is dat verdere ontwikkeling en lewenslange leer sal plaasvind deur middel van VBO vir al die bane van opleiding.

3.4 GOD GEE VERSKILLENDE GAWES OM SAAM DIE LIGGAAM OP TE BOU

Kerklike bedienaars beskik oor beperkte vermoëns en gawes en is daarom interafhanklik van mekaar. Die ideale beeld wat in die raamwerk van kapasiteite gestel word, kan nie volledig in een persoon verwesenlik word nie. Juis daarom is bediening in spanverband belangrik. Voornemende bedienaars moet begelei word om hul eie moontlikhede en beperkinge te leer ken, en te fokus op die ontdekking van eie gawes en die bemagtiging van mede-bedienaars (1 Kor 12). Alhoewel een persoon nie alles vir almal kan wees nie, is daar tog sekere basiese verwagtinge waaraan elk moet voldoen.

3.5 GOD VORM MENSE TOT GEESTELIKE- EN PERSOONSVOLWASSENHEID

Gelowiges word deur Woord en Gees binne die geloofsgemeenskap gevorm in hulle geestelike- en persoonsvolwassenheid. Hierdie vorming sluit sekere basiese vermoëns en vaardighede in en is onontbeerlik vir bedienaars.

4. OPLEIDING- EN ONTWIKKELINGSUITGANGSPUNTE (PEDAGOGIE)

4.1 Retoriese struktuur

Hierdie Raamwerk vir Bedieningsontwikkeling volg die “retoriese” struktuur van die Profiel van die Afgestudeerde Student en pas dit toe op al die bane. Ons gebruik ’n retoriese struktuur sodat geroepenes bemagtig sal word om in die praktyk oor te gaan tot missionale bediening. Hierdie struktuur sluit die volgende aspekte in:

1. Ontwikkeling van die persoon (*Wie ek is en word / etos-aspekte*)
2. Verstaan van die boodskap (*Wat en hoe ek glo / logos-aspekte*)
3. Deernis met die konteks (*Wie en hoe ek dien / patos-aspekte*)

4.2 KAPASITEITE EN KAPASITEITSVLAKKE

Die Raamwerk vir Bedieningsontwikkeling word gestruktureer volgens kapasiteite. Kapasiteite is kennis, ingesteldhede en houdings, en vaardighede (Taylor Ellison, P. 2009. “Doing Faith based conversations. Metaphors for congregations and their leaders”. In Keifert, P. *Testing the Spirits Wm. B. Eerdmans Publishing Co.*)

Hierdie raamwerk volg ook die vereistes van die Nasionale Kwalifikasie Raamwerk (NKR), wat ons help om die vlak van kapasiteite vir die verskillende ampte volgens Bloom se taksonomie te beskryf.

Dit stel ons in staat om met opleidingsinstellings te onderhandel.

Opgesom kom die NKR-raamwerk op die volgende neer:

NKR vlak	Vergelykbare standaard	Vlakke in terme van Bloom¹ se taksonomie van vaardighede
NKR 4	Matriek	
NKR 5	Eerstejaar	Bedienaars met bevoegdheid word opgelei tot op hierdie vlak, d.w.s. hulle moet kan vertel, beskryf en toepas.
NKR 6	Tweedejaar	Grondtale vaardigheid.
NKR 7	B graad (3 jaar)	Diensleraars (hulpleraars) word opgelei tot op hierdie vlak, d.w.s. hulle moet kan verduidelik, toepas, ondersoek en probleme oplos.
NKR 8	Honneurs-graad	
NKR 9	Magister-graad	Leraars word opgelei tot op hierdie vlak. Dit beteken hulle moet kan interpreteer, integreer en sistemiese leierskap gee.
NKR 10	Doktors-graad	

Nota: Standplaasleraars (leraars met spesifieke bevoegdheid) se opleidingsvereistes word met die Algemene Kuratorium ooreen gekom ten opsigte van die spesifieke konteks waarvoor hulle opgelei word.

4.3 ONTWIKKELINGSKONTEKSTE

Missionale bedieningsontwikkeling verdiskonteer die kompleksiteit van die verhouding tussen teorie en praktyk en vra daarom vir die integrasie van kennis en denkvermoë, persoons groei en vaardighede. Missionale bedieningsontwikkeling is meer as die blote toepassing van teorie in die praktyk. (Bloom, B. S. 1984. *Taxonomy of Educational Objectives. The Classification of Educational Goals*. New York: David McKay Company.)

'n Dinamiese wisselwerking tussen die volgende leerkontekste is dus noodsaaklik:

4.3.1 Mentorskapverhouding

4.3.2. Klaskamer en studie

4.3.3. Eweknie leergemeenskappe, soos vriende-, studie-, seminariumgroepe


4.3.4 Retraites en geloofsritmes

4.3.5 Blootstelling, deelname en bediening in gemeentes

4.3.6 Blootstelling en dienslewering in die gemeenskap

4.4 GELAAGDE OPLEIDING IN SINERGIE MET MEKAAR

Die pad wat geroepenes volg tot by bevestiging of legitimasie volg dieselfde patroon en volg die roete soos uiteengesit deur die A-Z beleid.



Die Raamwerk vir Missionale Bedieningsontwikkeling is so ontwikkel dat die verskillende vlakke (bane) op mekaar bou. Die ontwikkeling van geroepenes is van so 'n aard dat geroepenes kan artikuleer van een vlak na 'n volgende vlak.

5. VLAKKE VAN TEOLOGIESE OPLEIDING

Daar is in die 2013 beleidstuk oor teologiese opleiding verwys na *bane* vir teologiese opleiding. Die voorstel is dat daar eerder verwys word na *vlakke* om aan te toon dat ontwikkeling of artikulasie van een vlak na die ander moontlik is.

In die verlede was die artikulasie nie moontlik nie en moes daar by elke baan eintlik voor begin word.

Die konsep waarmee nou gewerk word, is dat ontwikkeling van baan 1 na baan 5 moontlik is met erkenning van voorafgaande leer of die sg RPL (recognition of prior learning). Hou in gedagte dat daar 'n gestandaardiseerde "RPL" ontwikkel sal word wat deur die Algemene Kuratorium goedgekeur sal word.



5.1 VLAK 1 – BEDIENAARS (OUDERLINGE EN DIAKENS MET BEVOEGDHEID)

5.1.1 Beskrywing:

Bedienaars: ouderlinge en diakens wat goedgekeurde bedieningsopleiding ontvang in 'n spesifieke area van bediening. Bedienaars word deur die ring bevestig en deur gemeenteleraars gementor (ooreenkomstig KO Art 4,10 en 16.1).

5.1.2 Hoe werk die keuring?

Die kerkraad doen die keuring.

5.1.3 Hoe lyk die opleiding?

Hugenote Kollege ontwikkel Kerklike Diploma's (NKR5). Hierdie diploma is kerklik geakkrediteer en indien moontlik SAQA geakkrediteer ter wille van artikulasie en moet goedgekeur word deur die Algemene Kuratorium ter wille van standaardisering.

Die diploma-kursus bestaan uit 'n basis-inleiding tot missionale bediening, gerig op die kapasiteite



in die missionale opleidingsplan, asook toerusting rondom die spesifieke bedienings-area. Die gedagte is dat die Kerklike Diploma's soos ontwikkel deur Hugenote Kollege aangebied kan word in ringe of sinodes deur predikante wat deur Hugenote Kollege geakkrediteer word.

5.1.4 Wat is hierdie vlak se bevoegdheidsbeskrywing?

Bedienaars, Ouderlinge of Diakens met Bevoegdheid, verkry bevoegdheid vir spesifieke bedieningsareas soos eredienste, pastoraat, jeug en familie, senior kinders, junior kinders, diakonaat, geloofsvorming, kerkplanting, aanbidding, ens. Bedienaars het bedieningsbevoegdheid in area van opleiding onder leiding van 'n mentorleeraar (gemeenteleraar/konsulent). Bedienaars het nie sakramentsbevoegdheid nie.

5.1.5 Wie verleen die bevoegdheid?

Die Ring bevestig bedienaars as ouderlinge en diakens tydens 'n erediens.

5.1.6 Hoe funksioneer ouderlinge en diakens met bevoegdheid in die verband?

Bedienaars word verkies op die kerkraad.

5.1.7 Hoe lank is die termyn?

Elke Kerkraad bepaal die dienstermyn (ooreenkomstig Regl 3.3).

5.1.8 Hoe werk vergoeding?

Hierdie is nie 'n gesalarieerde loopbaan nie. Kerkrade kom self ooreen ten opsigte van honoraria vir die vergoeding van onkoste.

5.2 VLAK 2: "STANDPLAASLERAARS" MET SPESIFIEKE BEVOEDGHEID

5.2.1 Beskrywing:

Standplaasleraars (Die Kerkorde maak voorsiening dat daar in uitsonderlike situasies leraars opgelei en gelegitimeer kan word met "spesifieke" bevoegdheid. Tans is daar sodanige reëls met gehoorgestremde leraars wat deur DCMA en Hugenote Kollege opgelei word, onder toesig van die Wes-Kaap Kuratorium. 'n Soortgelyke reëling geld vir die opleiding van leraars vir die Inheemse gemeentes in Namibië wat onder leiding van DEGNOS opgelei word onder toesig van die Namibiese Kuratorium) leraars wat opleiding ontvang vir 'n spesifieke missionale konteks en gelegitimeer is om daardie spesifieke konteks te kan bedien. Hierdie leraars is nie beroepbaar vir ander kontekste nie (bv leraars vir die dowe- of Inheemse bediening).

5.2.2 Keuring:

Volgens die A-Z voorskrifte vir leraars. (Sien *Bedieningsvraagde A-Z beleid aangaande predikante van die NGKerk*)

5.2.3 Opleiding:

Die opleiding van hierdie leraars verskil van die normale opleiding om aan te pas by die akademiese vermoë en kontekstuele eise van dié spesifieke bedieningskonteks. Opleidingsbane soos ontwikkel deur die onderskeie akademiese vennote word aan die verantwoordelike Kuratoria voorgelê vir goedkeuring aan die hand van die Raamwerk vir Missionale Bedieningsontwikkeling.



5.2.4 Bevoegdheidsreëling:

Leraars met spesifieke bevoegdhede ontvang bevoegdheid om as leraars diens te lewer binne die missionale konteks waarvoor hulle opgelei is. Hulle bevoegdheid sluit preek- en sakramentele bediening in. Hierdie leraars is nie beroepbaar vir ander bediening buite die konteks waarvoor hulle opgelei is nie.

5.2.5 Verband:

Soos met leraars.

5.2.6 Postestruktuur/diensverhouding:

Die Taakspan vir Predikantesake ontwikkel toepaslike postestruktuur. Diensverhouding is soos in die geval van leraars met die gemeente.

5.2.7 VBO:

Soos met leraars.

5.3 VLAK 3: DIENSLERAARS (HULPLERAARS)

5.3.1 Beskrywing

Gelegitimeerde leraars met 'n spesifieke opdrag ooreenkomstig die terrein van opleiding. Terreine soos Jeug en Familie, kerkplanters en gemeenskapswerkers. Diensleraars is soos gemeenteleraars beroepbaar in die verband. Die Algemene Sinode besluit hieroor in 2019 aangesien KO wysiging hiervoor nodig is.

5.3.2 Spesialisasie

Die volgende spesialisasievelde word op hierdie stadium voorsien:

- Pastoraat
- Jeug- en Familie
- Diakonaat
- Geloofsvorming
- Kerkplanting en Evangelisasie
- Aanbidding

Ensovoorts, soos benodig vanuit die missionale konteks

5.3.3 Keuring

Geskied volgens A-Z voorskrifte vir leraars, met ander woorde aansoeke word vergesel van die nodige goedkeuring deur die Gemeente en Ring.

Kuratoria keur die studente op grond van bogenoemde.

5.3.4 Opleiding

Eerstelooopbaan studente verwerf 'n B.Th (of ekwivalente graad in teologie) aan een van die opleidingsentra wat by die NGK geakkrediteer is (NKR 7-vlak). Indien die B-grad in teologie aan 'n ander opleidingsinstelling verwerf is, mag dit nodig wees dat die Kuratorium addisionele teologiese opleiding vereis om te bely n met die Raamwerk vir Missionale kapasiteite.

Daarnaas 'n Spesialiskundigheid-kursus op SAQA vlak 5 en hoër (by HK) (bv. 'n Beroepsertifikaat in Maatskaplike Werk). In die geval van die Jeugwerk B.Th graad op Stellenbosch sal 'n ekstra kwalifikasie nie nodig wees nie.


Persone met ander B-grade (onderwys, sielkunde, maatskaplike werk, CA, musiek, verpleging, ens.)

PLUS: Kernteologiese komponent, op vlak van NGD of Hons in Teologie (NKR 7)

Suksesvolle deelname aan en afhandeling van Seminarium of kerkeie opleiding soos voorgeskryf.

5.3.5 Bevoegdheidsreëling

Na voltooiing van die voorgeskrewe studies en die Seminarium- of kerkeie program word die persone deur die Kuratoria aanbeveel vir Legitimasie as Diensleer aar met vermelding van die Spesialisasie-ri gting. Hulle ontvang dan proponentsbevoegdheid en kan beroep word na



gemeentes waar hulle georden en bevestig word. Diensleraars is bevoeg om die Woord en sakramente te bedien.

5.3.6 Verband

Diensleraars dien soos leraars op die Kerkraad van die Gemeente; Ringe en Sinode. Diensleraars sal soos leraars onder die toesig van die Ring val.

5.3.7 Postestruktuur/diensverhouding

Predikantesake sal 'n toepaslike postestruktuur vir Diensleraars ontwikkel. Diensverhouding is met die kerkraad.


5.3.8 VBO

VBO is soos vir leraars verpligtend. Diensleraars moet 100 VBO punte per jaar verdien in die eerste drie jaar na legitimasie en daarna 50 VBO punte per jaar.

5.4 VLAK 4: LERAARS (TWEDE LOOPBAAN MET B-GRAAD, VERLENGDE BAAN)

5.4.1 Beskrywing

Tweede loopbaan studente is studente wat in 'n beroep staan en oor 'n B-graad beskik. Dit is persone wat tot die oortuiging gekom het dat die Here hulle roep vir die bediening as leraars. Na afloop van hulle opleiding sou hulle as voltydse leraars of as tentmakers kon diens lewer. Die Kuratoria ontvang tans heelwat aansoeke van persone wat in hierdie kategorie val.



5.4.2 Keuring:

Geskied volgens A-Z voorskrifte vir leraars by die onderskeie Kuratoria.

5.4.3 Opleiding:

- Aangesien hierdie persone reeds oor 'n B-graad en gewoonlik oor kerklike ondervinding beskik sal daar na afloop van keuring 'n EVL (Erkenning van voorafgaande Leer) colloquium aan die hand van die Raamwerk van missionale kapasiteite, deur die Kuratoria met hulle gedoen word. (Hierdie colloquium sal gesamentlik deur die Kuratoria ontwikkel word met die oog op sinkronisasie).
- Aan die hand van die uitkoms van die colloquium sal die kurrikulum komitee van die Kuratoria 'n ontwikkelingsbaan vir beide die akademiese en kerkeie of Seminarium program vir elke student ontwerp en voorlê vir goedkeuring.
- Na gelang van die kwalifikasies en die uitkoms van die EVL colloquium sou dit die volgende kon insluit:
 - B.Th graad deelyds by HK, of
 - NGD, met 'n kern-kurrikulum plus kerklike vakke – vgl die sg. “gemengdeleer” model.
 - Grondtale: Grieks en Heb II-verwerf op 'n deelydse basis (Nota: Beide Stellenbosch en Pretoria is tans besig met die ontwerp van hierdie moontlikhede).
- 'n Gestruktureerde M-graad (indien daar 'n gestruktureerde M-graad oor twee jaar onderhandel kan word met die akademiese vennote, sou dit die gemeentejaar kon inkorporeer en verlig ons daarmee die ekonomiese las op die kerk sowel as die kandidaat aansienlik.) (NKR 9) wat voldoen aan die vereistes van die Missionale Ontwikkelingsraamwerk en 'n voldoende ekwivalent is vir die M. Div. Die Kuratoria sal dit onderhandel met die onderskeie opleidingsvennote aan die hand van die Raamwerk vir Missionale kapasiteite.
- Gemeentejaar

Samevattend: Die INTREE verskil van kandidaat tot kandidaat na gelang van voorafgaande leer. Die verlengde baan pas 'n BRUG per kandidaat aan by die intree-profiel sodat almal uittree met gelykwaardige opleiding en ontwikkeling.

5.4.4 Bevoegdheidsreëling:

Soos in die geval van leraars tans.

5.4.5 Verband:

Soos in die geval van leraars tans.

5.4.6 Postestruktuur/diensverhouding:

Soos in die geval van leraars tans.

5.4.7 VBO:

Soos in die geval van leraars tans.

5.5 VLAK 5: VOLTYDSE OPLEIDING VAN LERAARS

5.5.1 Keuring:

Volgens die A-Z riglyne

5.5.2 Opleiding:

Soos tans.

B. Div (vier jaar NKR 7) met Grieks en Hebreeus 2;

Gestruktureerde M-graad oor twee jaar: Daar word voorgestel dat daar met die akademiese vennote onderhandel word vir 'n Gestruktureerde M-graad wat deelyds oor twee jaar gedoen kan word om aan die studente die geleentheid te bied om twee jaar gemeentelike ervaring op te doen. Die huidige reëling van die M Div en Gemeentejaar (Hierdie kwalifikasie het verskillende benamings by die verskillende opleidingsentrums) sal bly geld totdat 'n nuwe reëling met die akademiese vennote gevestig kon word.



5.5.3 Bevoegdheid:

Soos tans.

5.5.4 Postestruktuur:

Soos tans.

5.5.5 Verband:

Soos tans.

5.5.6 VBO:

Soos tans.

6. RAAMWERK VAN MISSIONALE KAPASITEITE (Let daarop dat vlak 3-leraars met spesifieke bevoegdheid, nie ingeskryf is in hierdie raamwerk nie aangesien dit konteks-spesifiek is. In die ontwikkeling van die opleiding van vlak 3 sal hierdie raamwerk soos vir die ander vlakke ook gebruik word).

MISSIONALE BEDIENINGSKAPASITEITE

WIE EK IS EN WORD



LEEF AFHANKLIK
VAN GOD



IS EERLIK MET
MYSELF



LEEF VANUIT MY
ROEPING



BEOEFEN
GEWOONTES
VAN GELOOF

WAT EN HOE EK GLO



ONDSOEK EN
INTERPRETEER
DIE BYBEL



ONTSLUIT EN
VERKONDIG DIE
EVANGELIE



IS GEANKER IN
DIE TRADISIE



BEGRYP DIE
OMVANG VAN
DIE EVANGELIE



AANVAAR DIE
GEREFORMEERDE
BELYDENIS



ONDSKEI DIE
HEERSKAPPY
VAN CHRISTUS

WIE EN HOE EK DIEN



ONDSKEI
WAAR GOD AAN
DIE WERK IS



BOU BRUE



NEEM DIE AMP
OP



VERSORG EN
BESKERM



ONDSKEI DIE
WIL VAN GOD



BEGELEI
AANBIDDING



6.1 ETOS:

Ontwikkeling van die persoon (Wie ek is en word)

Roepingsbewustheid, persoonsonwikkeling	Geestelike	volwassenheid,	Karakter- en
---	------------	----------------	--------------

UITKOMS

Studente verstaan hulleself as 'n geroepenes; hul leefstyl vertoon integrasie van geloof en lewe; is emosioneel gesond en realisties ten opsigte van groei-areas, en kan diverse verhoudings inisieer en in stand hou.



Kapasiteit E1

LEEF AS VERLOSTE AFHANKLIK VAN GOD

Aanvaarding van broosheid en afhanklikheid van God

BEDIENAARS	DIENSLERAARS	LERAARS
Kennis: Besef my sonde en het kennis van die verlossing in Christus	Kennis: Beskik oor sondebefes en kennis van die verlossing in Christus	Kennis: Beskik oor sondebefes en kennis van die verlossing in Christus
Ingesteldheid: Besef afhanklikheid van Christus en leef in dankbaarheid	Ingesteldheid: Besef afhanklikheid van Christus en leef in dankbaarheid	Ingesteldheid: Besef afhanklikheid van Christus en leef in dankbaarheid
